

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 1 HOFPROSEDURES

19 OKTOBER 2021

09:00-12:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 uur volg daarna.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en drui dus hierdie eksamen.

VRAAG 1**[10]**

U verteenwoordig mev. Ndlovu, 'n 28-jarige vrou, wat beserings opgedoen het in 'n motorvoertuigbotsing wat plaasgevind het in Anton Lembede Straat, Durban. Die botsing het plaasgevind op die 7de November 2018. U kliënt was tydens die botsing 'n betalende passassier in 'n 'minibus taxi' waarvan die registrasie nommer bekend is. Geen ander motorvoertuie was betrokke in die botsing nie. U kliënt stel u in kennis dat die bestuurder van die 'minibus taxi' uitermatig vinnig gery het tydens die botsing. Met die opname van u kliënt in die hospitaal het sy behandeling ontvang vir die volgende:

- 'n Traumatiese breinbesering wat aangedui het 'n 'Glasgow Coma Score' van 9/15;
 - Ernstige laserasies op die voorkop en onderlip;
 - 'n Gefrakteerde regter tibia en fibula.
- 1.1 Wat is die laaste datum waarop die eis ingedien kan word? (½)
- 1.2 Wat is die laaste datum waarop die dagvaarding uitgereik kan word? (½)
- 1.3 Lys die dokumente wat u sal indien by die Padongelukkefonds wanneer u mev. Ndlovu se eis indien? (4)
- 1.4 Met betrekking tot die beserings wat u kliënt opgedoen het, noem vyf (5) mediese spesialiste wat u sal instruksie gee ten opsigte van u eis. (5)

VRAAG 2**[6]**

- 2.1 Artikel 1 van die Padongelukkefonds Wet, 56 of 1996 soos gewysig beskryf die "eienaar" van 'n motorvoertuig. Lys die kategorieë van persone wat beskryf word in die definisie as "wettige eienaars". (4)
- 2.2 Beskryf "bestuurder" soos uiteengesit in Artikel 1 van die Padongelukkefonds Wet, 56 of 1996 soos gewysig. (2)

VRAAG 3**[5]**

Ten spyte van die definisie van 'n motorvoertuig, objektief gesproke, wat is die vyf (5) praktiese feitelike vrae wat u sal vra om vas te stel of 'n voertuig inderdaad 'n motorvoertuig is.

VRAAG 4**[4]**

Wat moet die Verweerder doen onder die omstandighede waar die Fonds weier om officieël te skik op die meriete, asook weier om enige tussentydse betaling(s) te maak?

VRAAG 5**[7]**

Die Eiser, in 'n saak in die Hoë Hof, waarin u namens die Verweerder optree, beteken en liasseer 'n kennisgewing van terugtrekking van die aksie, voordat die saak formeel ter rolle geplaas is, sonder om kostes te tender.

- 5.1 Watter remedie het u kliënt in die omstandighede? (1)

- 5.2 Wanneer moet die stap/pe om hierdie remedie te bekom geneem word? (1)
- 5.3 Stel slegs die inhoud van die nodige kennisgewing van mosie op om effek aan die remedie te gee. U hoef nie die kopstuk en besonderhede van die geadresseerdes in te sluit nie. (5)

VRAAG 6 **[8]**

- 6.1 Lys die dokumente wat in die Advokaat se brevet moet wees in 'n geopponeerde aansoek vir voorlopige vonnis. (3)
- 6.2 In welke gevalle kan 'n party in 'n geding aansoek doen vir verstekvonnis? (2)
- 6.3 Op welke stadium, in terme van die gewysigde Uniforme Hofreël 32 wat betrekking het op summere vonnis, mag 'n Eiser/Applikant 'n aansoek vir summere vonnis bring. (1)
- 6.4 Wat moet die Eiser in sy eedsverklaring ter ondersteuning van 'n summere vonnis aansoek aanspreek? (2)

VRAAG 7 **[10]**

U kliënt mnr. Piet Botha, 'n meerderjarige man, oorhandig aan u 'n dagvaarding uitgereik op die 28ste Februarie 2021 uit die Oos-Kaapse Plaaslike Afdeling, Port Elizabeth en op hom beteken op die 14de April 2021 by sy woonplek te Wesstraat 7, Makanda (Grahamstad) geleë in die hoofsetel van die Oos-Kaapse Afdeling.

By nagaan van die dagvaarding merk u dat die Eiser, mnr. Peter Brown se eis gebaseer is op 'n erkenning van skuld geteken deur u kliënt op die 1ste April 2018 in Pretoria waarin hy onderneem om die bedrag van R900 000 voor of op die laaste dag van April 2018 in die Eiser se bankrekening gehou te Pretoria in te betaal.

Na konsultasie met u kliënt kom u tot die gevolgtrekking dat hy 'n regs geldige verweer op die meriete het. U deel hom verder mee dat u ook van voornemens is om 'n spesiale pleit te liasseer.

- 7.1 Verduidelik aan u kliënt wat "spesiale pleit" beteken. (1)
- 7.2 Lys ses (6) spesiale pleite. (3)
- 7.3 Stel slegs die spesiale pleit op wat u in gedagte het in hierdie geval. Sluit die kopstuk in. (6)

VRAAG 8 **[16]**

U kliënt is 'n rekenmeester asook 'n besigheidsman en is vriende met 'n baie belangrike politikus. Die plaaslike Departement van Onderwys het dringend 2 miljoen gesigmaskers nodig vir die gebruik by skole om die uitbreek van 'n virus wat skoliere aansteek te bekamp. Die politikus adviseer die rekenmeester (u kliënt) in die geheim, om vining 'n tydelike besigheid oop te maak om aansoek te doen vir die tenderkontrak, waarin die koste vir die gesigmaskers vêr bo die huidige markprys voor gekwoteer word. Die vermeldde kontrak word toegeken aan hierdie maatskappy onder die inmenging en gesag van die politikus. Die rekenmeester word aangekla vir bedrog tot die bedrag van R150 000 en word skuldig bevind nadat hy in die Streekshof skuldig gepleit het. Hy is getroud met vier (4) minderjarige kinders en is ook verwyder van die

rol van rekenmeesters. Hy het ook bedank vanaf sy kerkraad en diensklub en die betrokke saak was deur-en-uit in die media gerapporteer. Hy was in staat om die R150 000 terug te betaal. Hy is 'n eerste oortreder en het sy volle samewerking vir die Polisie gegee. Hy is gevonnissen tot 20 jaar direkte tronkstraf. U ontvang instruksies om sy vonnis te appelleer.

- 8.1 Stel die kennisgewing van appél op, insluitende die opskrif asook die einde. (6)
- 8.2 Bespreek die verskeie vonnisse wat die hof in so 'n saak kan opleë en handel kortliks met die gepastheid van elke vonnis in terme van hierdie spesifieke omstandighede. (10)

VRAAG 9

[9]

Mnr. Zane Amuz is die bestuurder van 'n sportmotor op 'n deurpad op 'n reënigerige nag. Hy verloor beheer oor die motor wat van die pad afdra en bots met 'n voetganger wat aan die kant van die pad gestaan het. Die voetganger sterf as gevolg van die beserings wat hy opgedoen het tydens die botsing. Die Publieke Aanklaer weier om mnr. Amuz te vervolg.

- 9.1 Die voetganger se weduwee is oortuig dat haar man se dood onwettig veroorsaak is en soek geregtigheid. Adviseer haar ten opsigte van die moontlike remedie beskikbaar vir haar en bespreek die prosedure wat gevolg moet word om die verdagte te vervolg. (6)
- 9.2 Wat is die regte van die Nasionale Direkteur van die kantoor van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) na die aanvang van die prosedure soos verwys na onder die bovermelde paragraaf 9.1. (3)

VRAAG 10

[4]

Mary het 'n kontrak aangegaan met Bob Builder Close Corporation (BBCC) wie onderneem het om vir Mary 'n swembad te bou ten koste van R120 000. Sy het die deposito van R60 000 betaal en kortliks na die werk begin het, het sy 'n verdere bedrag van R10 000 ook betaal. BBCC stel Mary in kennis dat hulle 'n baie groot kontrak aangegaan het in Johannesburg en dat hulle nie meer verder kan aangaan met die swembad-werk vir Mary nie. Mary het toe 'n ander kwotasie ten bedrae van R70 000 gekry en aanvaar om die swembad-werk te voltooi. U kan aanvaar dat hierdie kwotasie redelik en billik was. U word instruksies gegee om BBCC te dagvaar vir enige skade wat Mary gelei het. Verduidelik waarvoor Mary kan dagvaar en vir hoeveel.

VRAAG 11

[6]

Die Verweerder teken 'n eenjaar huurkontrak ten bedrae van R50 000 per maand vooruitbetaalbaar vir 'n fabriek. Die Verweerder is in gebreke om die huur te betaal in terme van die huurkontrak, en na konsultasie ontvang u instruksies van die Eiser om die Verweerder te dagvaar vir die huur van twee maande. U het die instruksies misverstaan en dagvaar slegs vir R50 000. U besef u fout en besluit om die dagvaarding te wysig.

- 11.1 Watter prosedure sal u volg? (2)
- 11.2 Die Verweerder objekteer en wil op u dagvaarding reageer. Beskryf die stappe wat hy moet volg. (2)

- 11.3 Sodra u die hof se toestemming verkry het om te wysig wat moet u doen namens die Eiser. (2)

VRAAG 12 **[4]**

'n Vreemdeling het 'n botsing waargeneem, waarvan hy fotos geneem het van die toneel. As die Eiser se Prokureur, besluit u dat u die fotos wil gebruik tydens die verhoor.

- 12.1 Wat staan u te doen voor u die fotos kan gebruik? (2)

- 12.2 Watter stappe kan die Eiser neem onder die omstandighede waar die Verweerder weier dat die fotos gebruik word? (2)

VRAAG 13 **[7]**

In die verloop van 'n boukontrak, bestuur 'n vakleerling 'n vragmotor in die Eiser se motorhawe ('garage') vas en veroorsaak baie skade aan die gebou. U tree op vir die motorhawe (gebou) eienaar. U dagvaar die bouer waarin hy 'n enkele pleit liasseer as verdediging op die fondasie dat die vakleerling nie 'n bestuurderslisensie het nie. Stel die dokument op, insluitende die opskrif asook die bedes wat u sal liasseer.

VRAAG 14 **[4]**

Noem welke van die volgende ingesluit sal word in die Eiser se blootleggingsverklaring skedule en watter nie:

- 14.1 'n Verklaring verkry vanaf 'n Prokureur in Zambië vir die doeleindes van die verhoor; (1)
- 14.2 Notas wat u gemaak het van 'n telefoniese gesprek met die Verweerder se Prokureur; (1)
- 14.3 In 'n botsing eis, notas gemaak deur u kliënt tydens die botsing; (1)
- 14.4 Die terme van 'n aanbod van skikking gemaak deur die Verweerder se vader. (1)

- DIE EINDE -
